Groep Inkomstestaat

	Jaar geëindig 30 September 2001 R'm	2000 R'm
Inkomste	**4 963,0**	4 555,9
Bedryfswins voor uitsonderlike items	**187,4**	211,0
Uitsonderlike items	**(7,0)**	5,5
Bedryfswins na uitsonderlike items	**180,4**	216,5
Beleggingsinkomste	**54,8**	41,1
Finansieringskoste	**(65,0)**	(40.5)
Wins uit geassosieerde maatskappye	**–**	0,2
Netto wins voor belasting	**170,2**	217,3
Belasting	**(27,2)**	(56,9)
Netto wins na belasting	**143,0**	160,4
Toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers	**(2,2)**	(1,7)
Netto wins vir die jaar	**140,8**	158,7
Aangepas vir uitsonderlike items	**7,0**	(5,5)
Verlies/(wins) met verkoop van bates	**2,8**	(10,5)
Wins met verkoop van beleggings	**(0,3)**	(1,3)
Permanente waardedaling in bates	**39,3**	7,0
Na-aftrede mediese voorsiening teruggeskryf	**(15,3)**	–
Voorsiening vir versekering teruggeskryf	**(18,0)**	–
Klandisiewaarde afgeskryf	**2,0**	–
Lenings en beleggings teruggeskryf	**(3,5)**	(0,7)
Belasting effek op uitsonderlike items	**(12,8)**	0,7
Wesensverdienste	**135,0**	153,9
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele (miljoen)	**1 825,3**	1 843,0
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	**7,40**	8,35
Dividend per gewone aandeel (sent)	**1,64**	1,36

Segmentele Ontleding

	Jaar geëindig 30 September 2001 R'm	%	2000 R'm	%
Segment inkomste				
Stapelvoedsels	**4 210,7**	**84,8**	3 928,4	86,2
Handelsmerkprodukte	**656,2**	**13,2**	583,9	12,8
Ongeallokeerd	**96,1**	**2,0**	43,6	1,0
	4 963,0	**100,0**	4 555,9	100,0
Segment resultate				
Stapelvoedsels	**159,3**	**85,0**	200,3	94,9
Handelsmerkprodukte	**69,0**	**36,8**	40,9	19,4
Ongeallokeerd	**(40,9)**	**(21,8)**	(30,2)	(14,3)
	187,4	**100,0**	211,0	100,0

Groep Balansstaat

	Op 30 September 2001 R'm	2000 R'm
Bates		
Vaste en ontasbare bates	**721,3**	762,1
Beleggings en lenings	**407,1**	373,5
Nie-bedryfsbates	**1 128,4**	1 135,6
Bedryfsbates	**1 225,4**	1 152,4
Voorraad	**563,2**	536,4
Debiteure	**502,5**	455,4
Kontant en korttermynbeleggings	**159,7**	160,6
Totale bates	**2 353,8**	2 288,0
Ekwiteit en verpligtinge		
Kapitaal en reserwes	**1 449,9**	1 325,5
Minderheidsbelang	**6,2**	3,9
Nie-bedryfslaste	**363,6**	355,7
Langtermynverpligtinge	**303,7**	307,8
Uitgestelde belasting	**59,9**	47,9
Bedryfslaste	**534,1**	602,9
Krediteure, voorsienings en aandeelhouers vir dividend	**531,5**	584,4
Oortrokke bank	**2,6**	18,5
Totale ekwiteit en verpligtinge	**2 353,8**	2 288,0

Groep Kontantvloeistaat

	Jaar geëindig 30 September 2001 R'm	2000 R'm
Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**368,6**	341,7
Beweging in bedryfskapitaal	**(58,7)**	37,2
Kontant voortgebring deur bedrywighede	**309,9**	378,9
Rente ontvang	**26,5**	27,3
Rente betaal	**(65,0)**	(40,5)
Dividende ontvang	**28,3**	13,8
Dividende betaal	**(25,8)**	(20,4)
Belasting betaal	**(44,6)**	(14,4)
Netto kontant invloei uit bedryfsaktiwiteite	**229,3**	344,7
Netto kontant uitvloei van beleggingsaktiwiteite	**(180,9)**	(386,7)
Netto kontant surplus/(tekort)	**48,4**	(42,0)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(33,4)**	117,6
Netto toename in kontant en kontant ekwivalente	**15,0**	75,6

Groep Staat van Veranderinge in Ekwiteit

	Jaar geëindig 30 September 2001 R'm	2000 R'm
Aandelekapitaal en -premie	**780,6**	791,8
Beginsaldo	**791,8**	794,0
Terugkoop van aandele	**(11,2)**	(2,2)
Nie-verdeelbare reserwes	**7,0**	3,5
Beginsaldo	**3,5**	2,8
Oordragte na verdeelbare reserwes	**(1,3)**	(0,6)
Omrekening van buitelandse valuta	**4,8**	1,3
Verdeelbare reserwes	**662,3**	530,2
Beginsaldo	**530,2**	428,8
Netto wins	**140,8**	158,7
Dividend	**(10,0)**	(25,0)
Oordragte van nie-verdeelbare reserwes	**1,3**	0,6
Afskrywing van premie met beheer	**–**	(32,9)
Totale ekwiteit	**1 449,9**	1 325,5

Kommentaar en Vooruitsigte

Inkomste het met 8,9% gegroei tot R5,0 miljard, terwyl 'n netto wins van R140,8 miljoen vir die jaar behaal is. Hoewel wesensverdienste met 11% tot 7,40 sent per aandeel gedaal het, is steeds R310 miljoen kontant uit bedrywighede gegenereer. Na die teleurstellende prestasie gedurende die eerste helfte van die jaar, is die heelwat beter resultate in die tweede helfte bemoedigend.

In die maal- en veral bakdivisie was die prestasie swakker as die vorige jaar. Dit kan veral toegeskryf word aan die onvermoë om tydig groot stygings in grondstof- en brandstofkoste in finale produkpryse te verhaal. Die lae groei in verbruikersbesteding en strawwe mededinging tussen groot en kleiner rolspelers het verder toenemende druk op marges geplaas en dit het gelei tot die sluiting van ses plattelandse bakkerye en een mieliemeul. Eenmalige koste van meer as R10 miljoen is in die proses aangegaan. Prestasie en groei van die divisie in die nuwe jaar sal grootliks bepaal word deur die vermoë van die verbruiker om die noodwendige prysstygings te absorbeer, asook die mate waartoe volumes in die hoogs mededingende mark gehandhaaf kan word.

Die agri-divisie het bevredigende resultate behaal. Die beter balans tussen vraag en aanbod in beide die braaikuiken- en lê-hoenderbedrywe is goed benut en 'n meer aanvaarbare opbrengs op bates is behaal. Bokomo Voere het ook bevredigend presteer en goeie groei in veral hondekosverkope is behaal. Toekomstige prestasie sal ook in hierdie divisie hoofsaaklik bepaal word deur die mate waartoe die groot styging in grondstofkoste in finale produkpryse verhaal kan word.

Die verpakkingsdivisie het nie na wense presteer nie. Dit is veral die integrasie van die besighede van Aries Packaging en Atlantic Packaging wat heelwat langer as beplan geduur het. Hoewel 'n sterk fokus op produksiepraktyke en -prosesse reeds tot verbeterde resultate teen die einde van die finansiële jaar gelei het, sal die prestasie van die divisie na verwagting onder druk bly, veral weens verdere rasionalisasie kostes.

Kommentaar en Vooruitsigte *(vervolg)*

Die Bokomo Foods divisie het weereens uitstekend presteer. Goeie volume groei is behaal deur voortdurende vernuwing en uitbreiding van produkreekse. Nougesette fokus op produksieprosesse, kostebeheer en totale kwaliteit, dra by tot die goeie resultate. Die volgehoue belegging in die vestiging van huishoudelike handelsmerke soos *Bokomo* en *Weet-Bix* is deurslaggewend tot die sukses. Die groeitendens in die prestasie van die divisie sal na verwagting voortduur.

Bokomo Africa se gevestigde aktiwiteite in Uganda en Zambië het goeie groei getoon. Die aktiwiteite in Namibië is gedurende die jaar verder uitgebrei met die inbedryfstelling van 'n koringmeul, mieliemeul en 'n bakkery in Windhoek. Positiewe groei vir die divisie word vir die nuwe jaar verwag.

Uitbreiding

'n Belang van 50% is in November 2000 in Grain Health Foods verkry. Hierdie maatskappy, in die Verenigde Koninkryk, vervaardig ontbytvoedselprodukte soortgelyk aan *Weet-Bix*. Met verkryging van die belang het die maatskappy oor 'n produksie-aanleg in Engeland beskik. Sodanige groei in volumes is egter sedertdien behaal, dat 'n tweede aanleg in Wallis onlangs aangekoop is ten einde in die verwagte vraag te kan voorsien.

In Junie 2001 is Sugarbird, 'n gevestigde onderneming in Malmesbury, aangekoop. Hierdeur is 'n belegging in die vervaardiging en bemarking van toegevoegde waarde produkte soos hoë-waarde konfyt, ingemaakte vrugte en glansvrugte gemaak.

Die winsgewendheid van Ceres Fruit Juices het verder verbeter gedurende die oorsigperiode. Fokus op effektiewe besigheidsprosesse en kostebeheer het grootliks hiertoe bygedra, asook die verhoogde bydrae van uitvoere. Verdere opgradering van huidige produksiefasiliteite en uitbreidings in die verpakkingstipes behoort tot verbeterde resultate en groei by te dra.

Dividend

'n Finale dividend van 1,09 sent per aandeel is verklaar. Die totale dividend vir die jaar beloop 1,64 sent per aandeel, oftewel R30 miljoen en verteenwoordig 'n styging van 21%. Hierdie wesenlike toename in dividend is in pas met die strategie om dividend dekking na 'n meer markverwante verhouding in te faseer. Die dividend is betaalbaar op 25 Januarie 2002 aan alle aandeelhouers soos geregistreer op 28 Desember 2001.

In opdrag van die direksie.

H E Blanckenberg
Voorsitter

W A Hanekom
Besturende Direkteur

Paarl, 29 November 2001
Internet: http://www.pnr.co.za

Die jaarverslag vir 2001 sal versprei word teen die einde van Januarie 2002.

PIONEER FOODS

Registrasienommer 1996-017676-06

2001 Verkorte Verslag

jaar geëindig 30 September